GRAAD 7

AFRIKAANS HUISTAAL

KWARTAAL 2

WERKBOEK 2

NAAM EN VAN_______________________________

**WEEK 2- BOEK 2**
DELTA PRIMéRE SKOOL
KWARTAAL 2
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

NAAM EN VAN ____________________ DATUM: ________________
GRAAD: 7__

## BEGRIPSTOETS- LEES EN KYK

**Verduidelik wat in die strokiesprent gebeur.**




1. Beskryf die karakters. Hoe verskil hulle?

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

2. Waar sal jy gewoonlik 'n hanswors vind?

_______________________________________________

_______________________________________________

3. Wat doen die ander man?

_______________________________________________

4. Waarom is dit ongewoon?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

5. Dink jy die hanswors wou hom laat skrik? Hoekom?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

6. Hoekom laat die strokiesprent ons lag?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

7. Watter intensiewe vorm word in die woorde gebruik?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

8. Verduidelik hoe die skrywer van die strokiesprent met die letterlike en figuurlike betekenis van “skreeusnaaks” speel.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

## LETTERLIK EN FIGUURLIK

**Letterlik:** Die bedoeling is presies wat gesê word.

**Byvoorbeeld:** Die man is arm want hy het nie geld nie.

**Figuurlik:** Figuurlike betekenis is meer simbolies.

**Byvoorbeeld:** Die arme vrou wat met hom gaan trou

Figuurlike taal word ook “metafore” genoem. Dit word dikwels in poësie gebruik.


**Sê of die vetgedrukte woorde in die sinne hieronder letterlik of figuurlik gebruik is.**

a) Skoolgeld is **duur.** (Dit is nie goedkoop nie.) ___________________________

b) Dit gaan vir hom ŉ **duur** les wees as hy die skool gaan verlaat. (Hy gaan later in sy lewe jammer wees dat hy nie sy skoolloopbaan voltooi het nie.) _____________________________

## ŉ Dag uit James se dagboek

Hier kan jy meer lees oor hoe ŉ mens ŉ toer kan neem om die Galapagos-eilande te besoek. Daar is nog steeds reuseskilpaaie!




*A drawing of Darwin and an adult tortoise on Santiago, as imagined by Meredith Nugent. Photograph:*

# Mondeling

Jy was een van die matrose op die HMS Beagle. Vertel die storie van hoe jy op die skip gekom het.

**OF**



Jy is ’n toeris op die Galapagos-eilande en jy verdwaal! Vertel hoe jy weer by jou boot uitkom. Onthou, jy is nie die enigste karakter in die verhaal nie. Skep ander karakters en beskryf hulle.Gebruik liggaamstaal terwyl jy die storie vertel. Skep ’n atmosfeer met beskrywende woorde. Gebruik ’n tydlyn. Wat het eerste gebeur? Wat het daarna gebeur? Hoe het dit geëindig?

## Trappe van vergelyking en intensiewe vorm

’n Byvoeglike naamwoord het ’n beskrywende funksie. Dit beskryf naamwoorde (selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde). Byvoorbeeld: My vriend is **laf**. Byvoeglike naamwoorde het trappe van vergelyking.

### Byvoorbeeld:

My vriend is **laf**. - **STELLENDE TRAP**

My vriend is **lawwer**. -

**VERGROTENDE TRAP**

My vriend is die **lafste**. - **OORTREFFENDE TRAP**

Die tweede (vergrotende) trap kry gewoonlik (-er) aan die einde Die derde (oortreffende) trap kry gewoonlik (-ste) aan die einde

**Voorbeelde:**

| | | |
|---|---|---|
| groot | groter | grootste |
| snaaks | snaakser | snaaksste |
| laf | lawwer | lafste |

| | | |
|---|---|---|
| dun | dunner | dunste |
| dapper | dapperder | dapperste |
| breed | breër | breedste |
| skaars | skaarser | skaarsste |

Sommige woorde kry MEER en MEES, byvoorbeeld:
ontevrede, meer ontevrede, mees ontevrede. Oefeninge:

**1. Gee die oortreffende trap:**
wys vas los
tevrede swak goed

**2. Gee die vergrotende trap:**
goed swak kwaai kwaad moeg klein

**3. Gee die korrekte vorm vir die woorde tussen hakies.**

Ek het verlede jaar op pad skool toe ŉ (1. **baie swart** – gee een word___________________) hondjie gesien. Dit was (2. **baie koud** – gee een word_______________________) en hy was alleen. Hy was (3**. baie jonk** – gee een word________________________) en (4. **vuil** – gee die vergrotende trap___________________________) as enige hond wat ek al ooit gesien het nie. Ek het hom huis toe gevat. Hy is die (5. **oulik** – gee die oortreffende trap___________________________) dingetjie en hy is (6. **baie mak** – gee een word_______________________). Hy draf saam met my. Hoe (7**. ver** – gee die vergrotende trap_________________________) ek draf, hoe (8. **stadig** – gee die vergrotende trap _________________________________) hardloop hy. Ek is definitief die (9. **fiks** – gee die oortreffende trap________________________________) van ons twee.

# Verhalende Opstel

## ŉ Verhalende opstel vertel ŉ storie of gebeurtenis uit die verlede.

Jou opstel moet uit 130 tot 180 woorde bestaan. Daar moet drie tot vyf paragrawe wees. Dit moet ŉ storie vertel. Jy kan

dialoog gebruik.
Gebruik voegwoorde om jou sinne te verbind.

**Voorbeeld:**

Die ou vrou op die hoek is baie kwaai. Al die kinders is bang vir haar.
Die ou vrou op die hoek is baie kwaai, **daarom** is al die kinders bang vir haar.

Jy begin deur jou opstel te beplan. Eers moet jy 'n dinkskrum hou.

Wat is jou konsep?
Wie is die karakters? Wie
vertel die verhaal?
Wat gebeur eerste? Wat gebeur daarna? Wat behels die einde?

Teken 'n diagram van jou inleiding, hoofdeel en slot, met sleutelwoorde vir elke paragraaf.

**Voorbeeld:**




**Kies een van die volgende onderwerpe**

1. Die ou vrou in die huis op die hoek.
2. Die dag toe die vreemde vlieënde voorwerpe geland het.
3. Oupa se eerste motor.
4. Ons atletiekdag

5. Hoe ek geleer het om branderplank te ry.

# Enkelvoudige sinne

**’n Enkelvoudige sin bestaan uit ’n onderwerp, ’n gesegde en gewoonlik ’n voorwerp.**

**Onderwerp:** Wie of wat die werk doen (subject)

**Gesegde:** Die hulpwerkwoord en hoofwerkwoord vorm saam die gesegde.

**Voorwerp:** Teenoor wie die werk gedoen word (object)

Leesweerdieleesstuk“Seunsvandie wolke”uithierdieweekse“Leesenkyk”- werkkaart aandagtig deur en beantwoord die taalstruktuur- en -konvensievrae wat volg:

## Woordeskat

| | | |
|---|---|---|
| opgewonde- excited | ontstelde - upset | kantoor-office |
| vliegtuig - aeroplane | kantoor - office | bestuurder - manager |
| oneindige - neverending | vonnis-verdict | skuldig -guilty |

1. **Bestudeer die volgende sin**:

   Die sakeman gebruik die torpedokar.

   1.1 Benoem die sinsdele van die sin:

   Onderwerp:________________________________________

   Voorwerp:________________________________________

   Gesegde: ________________________________________

   1.2. Watter soorts inis dit? ______________________________

   1.3. In watter tyd is die sin geskryf? __________________________

   1.4. Skryf die sin in ontkennings vorm oor:

   ________________________________________________

   1.5. Skryf die sin in die verlede vorm oor:

   ________________________________________________

2. Skryf 'n sinoniem vir elk van die volgende woorde:
Draadloos - ______________________________

Nooientjie - ______________________________

Sentraal - ______________________________

3. Skryf 'n antoniem vir elk van die volgende woorde:
Heer ______________________________

Sakeman - ______________________________

Outydse - ______________________________

4. Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende idiomatiese uitdrukking beteken:

Die seuns is nog nie eens droog agter die ore nie.

______________________________________________________________________________

5. Skryf die onderstreepte woorde in die volgende paragraaf in die korrekte woordsoort-kolom oor:
Die sakeman gebruik die torpedokar vir sy vlugte na en van kantoor. Hierdie kar, soos sy naam beduie, is gebou in die vorm van 'n groot torpedo en is voorsien van een of twee sitplekke; wiele om mee te land en ook vir gewone padgebruik; 'n kragtige, deur elektrisiteit gedrewe, skroef; sterk soekligte voor aan en 'n stuurrat soos dié van die outydse motorkar, maar wat ook die skroef en roer kontroleer.

| Soortname | Infinitiewe werkwoorde | Besitlike voornaamwoorde |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

6. Skryf die volgende paragraaf oor deur die korrekte lees- en skryftekens in te voeg:
Ekskuus seuns skree die ou heer terwyl hy sy masjien so gou moontlik agteruit laat loop en so doende van die vliegtuig losruk ek is jammer baie jammer maar nou net gons die draadloos in my ore dat 'n sekere New Yorkse firma waarin ek

aandele het bankrot gegaan het.

# Lees en Kyk

## Dialoë in ’n verhaal

Lees die volgende leesstuk aandagtig deur en beantwoord die begripsvrae wat daarop volg.
Seuns van die wolke

Piet kyk oor sy skouer heen en sien ’n torpedo-vliegkar wat met sy neus vas teen die stert van Piet se masjien gedruk is. In die torpedokar sit ’n opgewonde
en ontstelde ou heer wat om hom heen kyk asof hy vanuit ’n ander planeet neergestort is.
Hierdie torpedo-lugkarre is baie in gebruik omdat hulle so handig is. Die sakeman gebruik die torpedokar vir sy vlugte
na en van kantoor. Hierdie kar, soos sy naam beduie, is gebou in die vorm van ’n groot torpedo en is voorsien van een of twee sitplekke; wiele om mee te land en ook vir gewone padgebruik; ’n kragtige, deur elektrisiteit gedrewe, skroef; sterk soekligte vooraan en ’n stuurrat soos dié van die outydse motorkar, maar wat ook die skroef en roer kontroleer.
“Ekskuus, seuns!” skree die ou heer terwyl hy sy masjien so gou moontlik agteruit laat loop en sodoende van die vliegtuig losruk. “Ek is jammer, baie jammer, maar nou net gons die draadloos in my ore dat ’n sekere New Yorkse firma, waarin ek aandele het, bankrot gegaan het. Van die skrik verloor ek beheer oor my masjien met die gevolg soos julle nou gesien en gevoel het.”
“Stryk neer op my kantoor. Ek is meneer Sokkie, bestuurder van die Oorkurkvervaardigingsmaatskappy Beperk, Loopstraat, Kaapstad. My werktuigkundiges sal die deuk in

jul masjien regmaak; die fi se naambord is vanuit die lug te sien. Tot weersiens.”“Goed, dankie meneer, tot weersiens,” antwoord Piet.
“Dis die tweede keer in die afgelope maand,” sê Piet, “dat die senuweeagtige ou swaap moeilikheid veroorsaak.
Die vorige keer het hy een van die lugkonstabels amper tot die grond geboor. Hy was dié slag op pad huis toe. Die heerlike vars lug trek hy tot diep in sy longe en hy dink aan die dae dertig jaar gelede toe hy en sy nooientjie daar bo in die wolke gaan vry het. Skielik, egter, uit die oneindige lugruim, sny die skel stem van sy vrou deur sy ore: ‘Jan, moenie die pond wors vergeet nie.’
Die arme ou vent ry toe reguit teen ’n lugkonstabel vas.”“Wat was die vonnis?” vra Tom.

“O, die magistraat het hom skuldig bevind en vir ’n tydperk van twee agtereenvolgende weke is sy vlieglisensie teruggetrek.”Hulle is nou vlak bo
die sentrale deel van Kaapstad en in die middel van die geweldige stroom lugverkeer wat onophoudelik tussen die stad en die groot lugskipstasie bo-op Tafelberg vloei.
“Nee wat, ek dink nie dat dit nodig is om by ou Sokkie aan te gaan nie. Die masjien is nie so danig erg beskadig nie. Dis maar net tyd vermors. Laat ons liewers by die lugstasie aangaan.”

**Vrae:**

1. Bo watter stad vind hierdie toneel plaas?

   ______________________________________________________________________

2. Watter berg is in hierdie stad waarop daar in die verhaal ’n groot lugskipstasie is?

   ______________________________________________________________________

3. Verduidelik in jou eie woorde wat ’n torpedo-vliegkar is.

   ______________________________________________________________________

4. Wat is die ou heer se verskoning waarom hy met sy torpedokar teen Piet se masjien gebots het?

   ______________________________________________________________________

5. Hoe stel die ou heer homself aan Piet-hulle voor?

   ______________________________________________________________________

6. Waarom sê Piet dit is die tweede keer hierdie afgelope maand wat die ou heer moeilikheid veroorsaak? Wat het dan die ander keer skeefgeloop?

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

7. Wat was die vonnis en straf vir hierdie oortreding?

   ______________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________

8. Verduidelik wat ’n Oorkurkvervaardigingsmaatskappy is deur van

woordaanpakvaardighede gebruik te maak.

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

9. Waarom dink die seuns dit is nie nodig om by Sokkie se maatskappy te stop nie?

___________________________________________________________________________

10. Voorspel wat die seuns by die lugstasie op die berg gaan doen.

___________________________________________________________________________